N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 48

27 November 2022

NT outeurs beskryf Jesus se koms na die wêreld op ‘n unieke wyse

Matteus se weergawe in hoofstuk1
Matteus rig sy brief aan Joodse Christene en fokus op Christus as die Messias. Jesus is gebore uit die stam van Juda. Daarmee beklemtoon Matteus Jesus se Koningskap – die ewige Koning uit die nageslag van Dawid. Matteus begin Jesus se geslagsregister by Abraham, die een deur wie die nasies God se seën sou ontvang. Verskeie vrouefigure uit ‘n heidense agtergrond word in die Joodse familieregister ingesluit. Christus het gekom vir die Jode, maar óók vir die nasies. Ongeag jou geslag, etnisiteit of afkoms – Jesus het vir jóú aarde toe gekom.

Lukas se weergawe in hoofstuk 2
Lukas, die dokter, is noukeurig en geïnteresseerd in die geskiedkundige gebeure. Hy dui aan hoe die Ou-Testamentiese profesieë met Christus se geboorte en die vlug na Egipte in vervulling gegaan het. Hy vertel hoe God die boodskap van Jesus se geboorte aan al twee van Abraham se “seuns” oorgedra het: Die herders in die veld by hul skape was veeboere soos Abraham en die nageslag van Isak. Ver in die suide van Arabië het sterrekykers uit die Ooste, die nageslag van Ismael, óók die boodskap gekry. Die Messias is gebore!

Johannes se weergawe in hoofstuk 1
Johannes praat nie van ‘n baba in ‘n krippie nie. Hy begin baie vroeër. Hy beredeneer Christus se ewige bestaan lank voor Sy koms na die wêreld. Johannes dui aan dat Christus voor die skepping die Een was deur Wie God Homself sou openbaar. Hy is die Woord. Johannes wys ook uit dat die skepping deur Christus tot stand gekom het. Hy is nie deur God geskape nie, Hy is self God.
Christus het egter nie Sy skepping oorgelaat aan vernietiging nie. Hy dra inherent die lewe en het aarde toe gekom om hierdie spesiale Goddelike kwaliteit ook aan Sy skepsels beskikbaar te stel. Hy het onder Sy mense kom woon, sodat hulle God persoonlik kan ken!

Paulus se weergawe in Galasiërs
Paulus die skrifgeleerde verbind Christus se koms aan die wet. Christus het aarde toe gekom om slawe van die wet vry te koop, sodat God hulle as Sy kinders kan aanneem.

Dankie!

- **Vir die Bybel waardeur ons God as Vader, Jesus en Heilige Gees kan leer ken!**
- **Dat Jesus gekom het vir mense uit elke stam, taal en nasie!**
- **Dat Jesus onder ons kom woon het, sodat ons God persoonlik kan ken!**
- **Vir die wonderwerkende krag van die Heilige Gees binne-in ons wat ons van binne af verander na die beeld en gelykenis van Jesus!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Jaap Naudé
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Johan Kotzé
- Tannie Marinda Jordaan
- Lucinda Graaff
- Gert Keulder
- Annika Killian
- Oom Eberhard Carshagen
- Lettie Bezuidenhout
- Ds Fritz Kotzé
- Louis Strauss
- Louise Claasen
- Hannie Booysens
- Wally Fourie
- Lola Vijoen
- Ria Putter
- Tannie Bets Coetzee
- Oom Hannes Loots
- Tannie Rina Loots
- Lilian van Zyl
- Ina van der Merwe
- Heleen Jv Vuuren
- Wynand Storm
- Jaco Steenkamp

Gedagte vir die week

Daar is nog soveel meer om van God die Vader te ontdek , in en deur Jesus, Sy geliefde Seun.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org